**Dinsdag 3 Maart**
**Skrifgedeelte: Genesis 15:1-8**
**Fokusgedeelte: Genesis 15:6 (AFR53)**

**Gryp vas aan God se barmhartige liefde**

Abraham en sy vrou is al oud. Sara is verby die ouderdom van kinders kry. Dit verg nogal geloof om te dink dat haar man nou nog ’n nageslag by haar kan verwek. Geloof ja, byna soos in lewe uit die dood! Die onmoontlike moet gebeur. Dit vra vir ’n groot geloof.

As die Here dus vir Abraham ’n nageslag beloof, sien ons dat sy geloof tog nie eintlik so volmaak is nie. Hy stoot selfs sy slaaf voor as sy erfgenaam. Die Here belowe hom egter dat hy ’n kind van sy eie sal hê, met ’n nageslag so baie soos die sterre van die hemel. En dan glo Abraham.

Selfs daarná sien ons dat Abraham glo, maar steeds nie volmaak nie. Met so ’n tikkie twyfel vra hy beslis van die Here ’n teken (vs 8). En ook hierdie versoek word deur die Here toegestaan.

Nou lees ons in ons fokusvers dat Abraham se geloof deur God aanvaar word: dit word hom tot geregtigheid gereken. Abraham vind deur die geloof guns by God. Abraham was ’n voorbeeld van geloof, maar beslis nie van volmaaktheid nie. In Genesis 16 sien ons hoe hy en sy vrou in hulle geloof struikel deur vir Hagar in hierdie saak te betrek.

As ons soms so ’n bietjie sukkel met volle geloofsoorgawe en daardie vaste vertroue wat ons soms in ander sien en dan begin twyfel, mag jy vasgryp aan God se barmhartige liefde. Hy ken ons harte.

Jesus het ons immers ook kom leer dat dit nie eintlik gaan om die grootte van geloof nie: As jy maar geloof gehad het soos n mosterdsaadjie ... (Luk. 17:6). Die Here se barmhartigheid strek vér uit bo ons gebrekkige geloof. Hy kom selfs ons kleingeloof tot hulp en vergewe ons ons twyfelmoedigheid.

Neem maar net weer die Skrif op en lees verder en vra biddend vergifnis vir jou twyfelmoedige gees en die barmhartige Here sal deur sy Heilige Gees mettertyd jou twyfel weer herstel in ’n vaste geloof.

*Sing: Psalm 25-1:1, 2*

*Ds. M (Maarten) van Helden (Centurion)*